## 24 September Jesaja 57:15-16

### *Waar jy God kan kry?*

Kyk mens na die wêreld van vandag en jy sien die onreg en leuens, die terrorisme en oorloë, die swaarkry en ellende, die sonde en ongeregtigheid, dan wonder jy: Waar is God?

Miskien net in die hemel? Net in die Kerk? Net waar dit goed gaan?

Of is Hy dalk dood? Of het Hy die wêreld heeltemal vergeet?

Waar kan 'n mens God tog kry? Nou moet mens oppas dat jy God tog nie net op een plek wil vaspen nie.

Daarom sê Jesaja: Hy woon in die hoogte, maar dis die hoogte van diepe verootmoediging.

Hy woon waar die sondaar verbrysel is vanweë sy sondes. Hy woon waar die ellendeling roep om genade en redding. Hy woon waar die mens weet dat hy homself nie kan red nie en daarom alle hulp en saligheid buite homself in Christus Jesus soek. Hy woon in die hoogte by die verbryselde.

Dit is waar God is. Nie net in die kerkgebou of in die hemelpaleis nie... maar by jou, in jou, om jou. Jy kan sy teenwoordigheid beleef. Al gaan jy ook in 'n dal van doodskaduwee ... Hy bly met jou.

Waar jy God kan kry? Nee, jy sal Hom nie vind as jy in hoogmoed en eiewaan soek nie. Jy sal Hom slegs vind in ware verootmoediging; in diepe besef van jou skuld; in ware smagting na Jesus Christus! Jy sal Hom vind, want Hy het jou dan eerste gesoek en gevind.

Sing: Psalm 34:8 Ds. R.G. Aucamp (Middelburg, KP)